
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# JUNIE EKSAMEN
# GRAAD 12

# 2026

## BESIGHEIDSTUDIES

## (VRAESTEL 1)

BESIGHEIDSTUDIES V1

C2721A

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

10 bladsye

X05

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die antwoorde op die eerste TWEE vrae gekies in AFDELING B en die antwoorde op die EERSTE vraag gekies in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is nie.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punt- en tydstoewysing wanneer jy elke vraag beantwoord.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND** | **1** | **30** | **20** |
| | | | |
| **B: DRIE direkte/indirekte-tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE.** | **2** | **40** | **70** |
| | **3** | **40** | |
| | **4** | **40** | |
| | | | |
| **C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN.** | **5** | **40** | **30** |
| | **6** | **40** | |
| | | | |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |

7. Begin die antwoord van ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Hierdie Wet bied beskerming aan werknemers wat beseer word tydens die uitvoering van hul pligte.

A Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008)
B Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997)
C Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (WVBBS), 1997 (Wet 61 van 1997)
D Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)

1.1.2 Nzalo Handelaars kombineer sy besigheid met sy verskaffers hoër in die produkketting om afhanklikheid te verminder.

A Voorwaartse vertikale integrasie
B Horisontale integrasie
C Sywaartse integrasie
D Terugwaartse vertikale integrasie

1.1.3 Die ... sektor fokus op aktiwiteite wat verband hou met die vervaardiging van produkte.

A sekondêre
B tersiêre
C primêre
D private

1.1.4 Candy Bpk. het die ... werwingsmetode gebruik toe hulle 'n vakature op hul besigheid se kennisgewingbord geadverteer het.

A agentskap
B interne
C aanlyn
D eksterne

1.1.5 Masjinerie en toerusting word optimaal benut in die ... funksie.

A bemarking
B finansiële
C aankoop
D produksie

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

(5 x 2) (10)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| likwidasie; plasing; beskrywing; Arbeidsverhoudinge; werwing; prestasie; disinvestering; spesifikasie; bestuur; Gelyke Indiensneming |

1.2.1 Die Wet op ... verseker dat diversiteit in die werkplek bereik word.

1.2.2 'n Besigheid verkoop al die bates om krediteure te betaal. Hierdie verdedigingstrategie staan bekend as ...

1.2.3 Die pos- ... gee 'n uiteensetting van die minimum aanvaarbare kwalifikasies en vaardighede wat nodig is vir die werk.

1.2.4 Florence Boutique implementeer gehalte- ... deur gereedskap en tegnieke te gebruik om die kwaliteit van hul produkte te verbeter.

1.2.5 Die werknemer se kwalifikasies en vaardighede word gepas by die vereistes van die werk tydens die ... -prosedure.

(5 x 2) (10)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Sifting | A vermoë om die gespesifiseerde standaarde van elke departement te meet |
| 1.3.2 Gehalte | B spreek vaardigheidstekorte in die Suid-Afrikaanse werkplek aan |
| 1.3.3 Leerderskap | C groeistrategie wat gebruik word om bestaande produkte in nuwe geografiese gebiede te verkoop |
| 1.3.4 Markontwikkeling | D kandidate se aansoekvorms word nagegaan teen die vereistes van die pos |
| 1.3.5 Nasionale Vaardigheids-ontwikkelingstrategie | E praktiese opleidingsgeleenthede wat lei na 'n bevordering tot 'n senior pos |
| | F spreek lae vlakke van wiskundige vaardighede onder die jeug en volwassenes aan |
| | G groeistrategie wat gebruik word om nuwe produkte in nuwe geografiese gebiede te verkoop |
| | H vermoë van goedere om aan die spesifieke behoeftes van kliënte te voldoen |
| | I praktiese opleidingsgeleenthede wat lei tot 'n erkende beroepskwalifikasie |
| | J kandidate se sterk- en swakpunte word gepas by die vereistes van die pos |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**AFDELING B**

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord van ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

**VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS**

2.1 Lys enige VIER verbruikersregte soos bepaal in die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008). (4)

2.2 Beskryf kortliks die rol van SOOO's in die ondersteuning van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 79 van 1998). (6)

2.3 Identifiseer die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997) van toepassing op Noria Vervaardigers in elke stelling hieronder.

2.3.1 Noria Vervaardigers verseker dat nagwerk wat na 18:00 deur werknemers verrig word, volgens ooreenkoms gedoen word. (2)

2.3.2 Die bestuur het verduidelik dat 'n minimum van 4 weke kennis gegee moet word indien die werker vir 'n jaar of langer in diens is. (2)

2.3.3 Minderjariges jonger as 18 jaar word nie blootgestel aan werk wat vir 'n volwassene bedoel is nie. (2)

2.4 Verduidelik die doel van die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995). (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **NASIONALE TEGNOLOGIE VERSPREIDERS (NTV)** |
|---|
| Nasionale Tegnologie Verspreiders verskaf 'n verskeidenheid elektroniese produkte. NTV het verkope verloor aangesien kliënte verkies om hul geld aan mediese uitgawes te spandeer. Sommige van hul werknemers kan nie saamwerk in 'n span nie. Invoere word beperk weens die skommelinge in buitelandse valuta. |

Identifiseer TWEE PESTWO-faktore wat uitdagings vir NTV inhou. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (6)

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.5 te beantwoord.

| PESTWO-FAKTORE | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.6 Bespreek die voordele van intensiewe strategieë. (6)

2.7 Gee besighede raad oor die stappe in strategie-evaluering. (6)
**[40]**

**VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

3.1 Noem TWEE aspekte wat in 'n dienskontrak ingesluit moet word. (2)

3.2 Beskryf kortliks die werwingsprosedure. (6)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VERRASSING KONSTRUKSIE (VK)**

Verrassing Konstruksie spesialiseer in die bou van woonstelle en komplekse. Hulle bied aantreklike byvoordeelpakkette aan om werknemersomset te verminder. Hulle moedig ook werknemers aan om opleidingsprogramme by te woon. VK spaar geld aangesien voordele belastingaftrekbaar is.

3.3.1 Haal TWEE voordele van byvoordele aan wat van toepassing is op VK in die scenario hierbo. (2)

3.3.2 Verduidelik ander voordele van byvoordele vir besighede. (4)

3.4 Gee besighede raad oor die rol van die aansoeker/kandidaat tydens die onderhoud. (6)

3.5 Identifiseer die stappe van die BDKA-model wat deur Eric Vervaardigers (EV) toegepas word in ELKE stelling hieronder.

3.5.1 EV het die verandering aanvanklik op klein skaal geïmplementeer om hul prosesse en stelsels te verbeter. (2)

3.5.2 EV het data gebruik om die resultate van die verandering te evalueer. (2)

3.6 Verduidelik hoe die gehalte van die prestasie van die administrasiefunksie kan bydra tot die sukses van die besigheid. (6)

3.7 Bespreek die impak van totale kliëntetevredenheid as 'n totale gehaltebestuur (TGB)-element op groot besighede. (6)

3.8 Gee besighede raad oor die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (4)
**[40]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE**

**BESIGHEIDSOMGEWINGS**

4.1 Noem enige VIER kragte van Porter se Vyf Kragte-model. (4)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUPERIOR LEERONDERNEMING (SLO)**

Superior Leeronderneming vervaardig skoene en leersakke. Hulle koop hul grondstowwe by Prima Leerverskaffers, wat soms minderwaardige materiale verskaf. Die plaaslike regering het SLO opdrag gegee om hul produkte by die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde te registreer.

4.2.1 Haal TWEE uitdagings vir SLO uit die scenario hierbo aan. (2)

4.2.2 Klassifiseer SLO se uitdagings volgens die besigheidsomgewing. (2)

4.2.3 Noem die mate van beheer vir elke besigheidsomgewing in VRAAG 4.2.2. (2)

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.2.1 tot 4.2.3 te beantwoord.

| UITDAGINGS 4.2.1 | BESIGHEIDS-OMGEWINGS 4.2.2 | MATE VAN BEHEER 4.2.3 |
|---|---|---|
| 1. | | |
| 2. | | |

4.3 Bespreek enige TWEE tipes diversifikasiestrategieë. (6)

4.4 Stel maniere voor waarop besighede kan voldoen aan die Wet op Breë Gebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003). (4)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

4.5 Beskryf kortliks die redes vir die beëindiging van 'n dienskontrak. (4)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **SANDY ONTWERPE (SO)** |
|---|
| Patience is die menslike hulpbronbestuurder by Sandy Ontwerpe. Daar word van haar verwag om gelyke geleenthede in die werkplek te bevorder. Patience verseker dat opleiding gestruktureerd is. Sy moet ook verseker dat die werkplek die demografie van die land op alle vlakke verteenwoordig. |

4.6.1 Haal TWEE implikasies van die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998), op die menslikehulpbron-funksie by SO uit die bogenoemde scenario aan. (2)

4.6.2 Verduidelik ander implikasies van die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998), op die menslikehulpbron-funksie. (4)

4.7 Bespreek die rol van gehaltesirkels as deel van die voortdurende verbetering van prosesse en stelsels. (4)

4.8 Gee die besighede raad oor maniere waarop totale gehaltebestuur (TGB) die koste van gehalte kan verminder. (6)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van die vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op die vraag moet op 'n NUWE bladsy begin word, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

Die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005) is in Suid-Afrika ingestel om die kredietbedryf te reguleer. Die Wet poog om verbruikers te beskerm en te verseker dat hulle hul regte en verpligtinge verstaan. Besighede moet binne die wetlike raamwerk funksioneer deur aan die NKW te voldoen.

Skryf 'n opstel oor die Nasionale Kredietwet waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die regte van verbruikers ingevolge die NKW.
- Verduidelik die doel van die NKW.
- Bespreek die impak van die NKW op besighede.
- Beveel maniere aan waarop besighede aan die NKW kan voldoen. **[40]**

### VRAAG 6: SAKEBEDRYWIGHEDE (MENSLIKEHULPBRON-FUNKSIE)

Die korrekte keuringsprosedure help besighede om verkwistende besteding te verminder wanneer hulle vakante poste vul. Besighede moet verskillende salarisbepalingsmetodes gebruik om te verseker dat hul werknemers dienooreenkomstig vergoed word. Hulle moet verseker dat nuut aangestelde werknemers die wetlike vereistes van 'n dienskontrak verstaan. Behoorlike induksie moet ook vir hierdie werknemers voorsien word.

Skryf 'n opstel oor die menslikehulpbron-funksie waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die keuringsprosedure as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit.
- Verduidelik die TWEE salarisbepalingsmetodes.
- Bespreek die wetlike vereistes van 'n dienskontrak.
- Gee besighede raad oor die doel van induksie. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African